

**31 Oktober**

**Skrifgedeelte: Johannes 13:33-14:14**

**Ons leef uit geloof**

Op hierdie datum het Martin Luther in 1517 sy stellinge in Wittenberg, Duitsland, teen die kerkdeur vasgespyker. Hy het die destydse kerk opgeroep om uit die geloof in die Here te lewe (Rom 1:17) en nie deur die mens se werke nie. Dit is 'n belangrike datum in die hervorming van die kerk ook. In vandag se Skrifgedeelte staan geloof in die middelpunt. Geloof verander jou, want deur jou geloof volg jy die Here (13:36,37; 14:6,7,11). Jy word nie volmaak nie – dit wys die werke in Petrus se lewe, want hy het Jesus later verloën. Maar hy het hom nie van Jesus weggedraai (soos Judas) nie. Hy het Jesus bly volg en in Hom bly glo. Hierdie geloof in die Here moet die ontsteldheid by 'n gelowige wegneem (14:1), want jy weet dat jy tot in die ewige lewe saam met Christus sal wees. Niks sal jou van Sy liefde skei nie (13:34). Hy onttrek Hom nooit aan jou nie. Ook wanneer 'n gelowige sterwe, weet jy dat dit die Here is wat jou kom haal. Of jy lewe of sterwe, jy behoort aan die Here (Rom 14:8). Dank die Here vir hierdie geloof. Daarom kan jy met vrymoedigheid en met geloof die Here bid vir wat jy nodig het (14:13,14). Jou geloof sal jou lei om volgens die wil van die Here te bid, want jy doen dit uit liefde vir die Here en uit liefde vir jou naaste. Glo in Hom en bid Hom dat jy Hom altyd sal bly volg.

*Sing: Skrifberyming 27:1*

*Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)*